

REBELSPOORVASBYT

Program

Datum	Vertrekpunt	Vertrek	Bestemming	Wat	Km
31 Mrt.			Upington Vanrooisvlei	Almal reis na Upington en kom 15:00 by die Kalahari Mall bymekaar om proviand vir die volgende paar dae te koop. Om 17:00 gaan dr. Bothma ons oor die Rebelle oriënteer by die kommandoklubsaal wat deur oom Freddie Stolper gereël is. Hierna vertrek ons na oom Ampie Vlok se plaas, Vanrooisvlei, en oornag in tente onder die einste boom waar genl. Manie Maritz sy onderskeidingstekens as 'n Engelse luitenant-kolonel afgehaal het en sy troepe meegedeel het dat hy vir die vryheid van sy land wou veg. Aandete word deur AfriForum voorsien. Geen ablusiegeriewe nie, maar daar is water.	Ry: 35 km
1 Apr.	Desert Palace Hotel & Casino	7:00	Christiana	Van Vanrooisvlei af pak ons vroeg op om na Upington terug te keer. Eers sal oom Dekker Stadler ons op die regte manier wegstuur met 'n mooi boodskap. Vanaf die Desert Palace Hotel & Casino pak ons die eerste 14 km te voet deur die proefplaas aan tot waar die pad kruis by die plaas Toekoms. Hierdie pad deur die duine is die einste pad wat 'n gewonde kmdt. Albert Stadler moes trotseer tot by die plaas Christiana, waar hy aan sy wonde beswyk het. Van dié kruising vat ons die grondpad verder te voet vir nog 10 km tot by die plaas Christiana, waar ons die aand sal oornag. Aandete word deur tannie Martie van Niekerk voorsien. Ablusiegeriewe beskikbaar. Tente word nie hierdie aand opgeslaan nie.	Stap: 25 km

Datum	Vertrekpunt	Vertrek	Bestemming	Wat	KM
2 Apr.	Christiana	7:00	Bloubos	Van Christiana af klim ons op John Human se ondersteuningsvragmotor vir 'n paar kilometer tot by Geluk. Van daar vat ons weer die pad te voet vir ongeveer 15 km tot by oom Fritz se plaas, Bloubos. Ons oornag langs die dam in ons tente. Aandete word voorsien. Geen ablusiegeriewe nie, maar 'n draagbare stort sal vir hierdie aand opgerig word.	Stap: 15 km
3 Apr.	Bloubos	7:00	Koegoekoep	Van Bloubos af vat ons die pad te voet vir ongeveer 15 km tot by Jaco Liebenberg se plaas, Koegoekoep. Daar oornag ons onder die bome in ons tente. Aandete word voorsien. Weereens geen ablusiegeriewe nie, maar 'n draagbare stort sal opgerig word.	Stap: 15 km
4 Apr.	Koegoekoep	7:00	Zwartmodder	Van Koegoekoep af durf ons die laaste 20 km te voet aan tot by oom Mac se plaas, Zwartmodder, in die droë Moloporivier, waar ons in ons tente oornag onder die groot versamelvoëlne. Aandete word voorsien. Geen ablusiegeriewe. Draagbare stort sal weer opgerig word.	Stap: 20 km
5 Apr.	Zwartmodder	7:00	Kameelpoort	Van Zwartmodder af klim ons weer op die ondersteuningsvragmotor tot net verby Upington by oom Freddie Stolper se plaas, Kameelpoort. Hier het 'n baie tragiese ding gebeur... Ons besoek die graf van John Pierre Russel en klouter die koppies uit op soek na leë blikkies en patrone. Langs die rivier slaan ons tent op om 'n laaste aand van samesyn en herinneringe te deel. Aandete word voorsien. Geen ablusiegeriewe. Draagbare stort word opgerig.	Ry: 130 km
6 Apr.	Kameelpoort	8:00	Reis terug	Ná 'n vinnige koffie en beskuit pak ons op en reis terug.	